

LEES AS GROEP: Titus 1

6 n Ouderling moet onberispelik van gedrag wees; hy moet aan sy vrou getrou wees, en sy kinders moet gelowig wees en nie die naam hê dat hulle losbandig lewe en teen gesag in opstand kom nie.

7 'n Ouderling is immers 'n bestuurder van die huishouding van God. Daarom moet hy onberispelik van gedrag wees, nie aanmatigend en opvlieënd nie, nie 'n dronkaard of 'n rusiemaker of 'n soeker na oneerlike wins nie.

8 Hy moet gasvry wees, lief vir wat goed is, verstandig, regverdig, vroom en selfbeheers.

9 Hy moet vashou aan die betroubare woord waarin hy onderrig is. Dan sal hy in staat wees om ander met die gesonde leer aan te moedig en die argumente van teenstanders te weerlê.

1 Timoteus 3

1 Dit is 'n waar woord: as iemand graag ouderling wil wees, begeer hy 'n voortreflike werk.

2 'n Ouderling moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou, nugter, verstandig, beskaaf, gasvry en bekwaam om te onderrig;

3 hy moenie aan drank verslaaf of 'n rusiemaker wees nie, maar inskiklik, vredeliewend en nie geldgierig nie.

4 Hy moet sy eie huisgesin goed kan beheer en in alle opsigte op waardige wyse gesag oor sy kinders kan uitoefen.

5 Immers, as iemand nie weet om sy eie huisgesin te beheer nie, hoe kan hy dan die sorg vir die gemeente van God op hom neem?

6 Hy moet ook nie iemand wees wat maar onlangs tot geloof gekom het nie. So iemand kan verwaand word, en in die oordeel kom waarin die duiwel hom laat beland.

7 Ook by die mense buite die gemeente moet hy as 'n goeie man bekend staan sodat daar nie praatjies oor hom ontstaan en hy in 'n strik van die duiwel val nie.

PRAAT SAAM:

1. Sal julle saam kan stem met die stelling: “Hierdie is voorskrifte vir ouderlinge, maar **elke gelowige/kind van die Here** se lewe moet dit in elk geval ook weerspieel”?
2. Noem aan mekaar ander voorskrifte in die Bybel wat julle kan onthou oor hoe 'n kind van die Here se lewe moet lyk.
3. Lees Matteus 5: 3-12, 16, 22, 23, 28, 32, 37, 39 en 44 waaruit ons ook kan sien hoe 'n kind van die Here se lewe moet lyk.
4. Matt 5 sluit af met vers 48 “Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is”. **Kan ons as mense (op ons eie / op óns manier) by die punt kom waar ons volmaak is? Hoekom nie?**
5. **Hoe kan ons by die punt kom waar ons in God se oë volmaak is?** Deel met mekaar wat jy glo / in Wie jy glo en bevestig aan mekaar die *blye evangelie* van verlossing in en deur Jesus Christus alleen.
6. **Bid saam:** Dank die Here dat julle weet dat niks wat 'n mens kan doen jou volmaak maak/ die hemel kan laat beërwe / jou met God kan versoen nie. Dank die Here dat ons verlossing in Jesus Christus het!